

DIE GRONDWET VAN
“DIE SUID-KAAP OUMOTORKLUB”

(Soos aanvaar en goedgekeur in die jaar 1988 en tans verder gewysig en bekragtig op 3 Desember in die jaar 2016)

1 DIE NAAM

Die naam van die organisasie sal die “Southern Cape Old Car Club” wees met “Suid-Kaap Oumotorklub” as alternatief soos in hierdie Grondwet van die “Klub” verwys. Kennis moet geneem word van die vereiste dat die Klub se embleem beide die naam “Southern Cape Old Car Club” en “Suid-Kaap Oumotorklub” moet vertoon en dat die kleure van die Klub rooi, swart en geel is.

Die Klub sal ‘n regsentiteit en regspersoon wees wat afsonderlik van sy lede voortbestaan en wat al die magte, regte en voorregte besit wat normaalweg op regspersone van toepassing is en sal regtens aanspreeklik wees.

2 REGISTRASIEKANTOOR

Die registrasiekantoor van die Klub sal die plek wees wat van tyd tot tyd deur die klubkomitee bepaal word.

3 WOORDBEPALINGS EN DEFINISIES

3.1 SKOMK beteken SUID-KAAP OUMOTORKLUB.

3.2 KLUB beteken SUID-KAAP OUMOTORKLUB geleë te George in die Wes-Kaap, Suid-Afrika.

3.3 LID OF VOLWASSE LID beteken ‘n persoon wat 18 jaar en ouer is wie se aansoek om lidmaatskap deur die komitee van die Suid-Kaap Oumotorklub aanvaar is en nie langer as drie maande agterstallig is met die betaling van sy ledegeld en enige ander heffings of fooie wat aan die Klub verskuldig is nie en wat nie om enige rede weens die oortreding van klubreëls geskors of verban is nie.

3.4 “JUNIOR LID” beteken ‘n persoon onder die ouderdom van 18 jaar wat verlang om ‘n lid van die Klub te word ingevolge paragraaf 3.3 hierbo.

3.5 KOMITEE beteken die verkose bestuur van die Klub.

3.6 KOMITEE LID is ‘n lid van die bestuurskomitee wat tydens die Jaarlikse Algemene Vergadering verkies is.

3.7 KLUB SEKRETARIS is die persoon wat verkies is om die sekretariële sake van die Klub te behartig.

3.8 VOORSITTER is die persoon wat deur die Klublede tydens die Algemene Jaarvergadering as voorsitter van die Klub verkies is.

- 3.9 SAVVA beteken Die “SOUTHERN AFRICAN VETERAN AND VINTAGE ASSOCIATION”
- 3.10 A.J.V. beteken die Algemene Jaarvergadering van die Suid-Kaap Oumotorklub.
- 3.11 NORMALE STEM beteken een stem, soos in paragraaf 6.8 uiteengesit, ten opsigte van enige klub-besprekingspunt.
- 3.12 BESLISSENDE STEM verwys na die een addisionele stem van die Voorsitter (of ander komiteelid wat gemagtig is om in die afwesigheid van die voorsitter te stem) in geval van ‘n staking van stemme.
- 3.13 INTREEFOOI beteken die fooi wat deur die Klub Komitee vasgestel is vir die betaling deur die nuwe lede wat by die Klub wil aansluit.
- 3.14 Die verwysing na enige kategorie ou- of veteraanmotorvoertuig sal betrekking hê op die datums soos deur SAVVA neergelê.
- 3.15 Die “manlike” term sal ook die “vroulike” insluit wanneer van toepassing.
- 3.16 “GESLAG”, soos gebruik in die grondwet, kan na beide geslagte verwys.
- 3.17 “KENNISGEWINGS” vir die doel van kommunisering van inligting rakende enige klubreëls, regulasies of enige ander vorm van kommunikasie wat aan lede gestuur moet word, sal as voldoende geag word wanneer dit per pos na die lid se laaste bekende adres volgens die amptelike klub-lederegister gepos is.

4 KLUB DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Klub is die volgende:-

- 4.1 Om sover moontlik, die bewaring, vertoning, instandhouding, gebruik en genieting van motorvoertuie wat vervaardig is, soos neergelê en goedgekeur deur SAVVA, aan te moedig en te bevorder. Die SAVVA kategorisering van motorvoertuie is soos volg:
 - 4.1.1 Motorvoertuie vervaardig voor 31 Desember 1904 staan bekend as “Antieke” voertuie.
 - 4.1.2 Motorvoertuie vervaardig tussen Januarie 1905 en 31 Desember 1918 sal bekend staan as “Veteraan” voertuie.
 - 4.1.3 Motorvoertuie vervaardig tussen 1 Januarie 1919 en 31 Desember 1930 sal bekend staan as “Noag” voertuie.
 - 4.1.4 Motorvoertuie vervaardig tussen 1 Januarie 1931 en 31 Desember 1945 sal bekend staan as “Na-Noag” voertuie.
 - 4.1.5 Motorvoertuie vervaardig tussen 1 Januarie 1946 en 31 Desember 1960 sal bekend staan as “Na-Oorlog” voertuie.
 - 4.1.6 Motorvoertuie vervaardig tussen 1 Januarie 1961 en 31 Desember 1970 sal bekend staan as “Na-1960” voertuie.

- 4.2 Om sover moontlik, die bewaring, vertoning, instandhouding, gebruik en genieting van fabrieksvervaardigde motorvoertuie en/of historiese resiesmotors, soos deur die komitee goedgekeur, aan te moedig en te bevorder.
- 4.3 Die formele datering van gerestoureerde voertuie ooreenkomstig die SAVVA regulasies soos uiteengesit in sub-paragrafe 4.1 tot 4.1.6.
- 4.4 Om lede te help met die verkryging, restourasie en instandhouding van voertuie, soos uiteengesit, in paragrafe 4.1 en 4.2 hierbo genoem.
- 4.5 Die organisering en/of bevordering van mededingende ritte soos tydrenne en pretrenne ingevolge SAVVA- regulasies asook nie-kompeterende ritte vir die genot van alle eienaars van voertuie, soos uiteengesit, in paragrafe 4.1 en 4.2.
- 4.6 Om 'n klubhuis met biblioteek te voorsien ten einde alle historiese dokumente met betrekking tot die Klub, die lede en hulle voertuie te bewaar. Om die uitruil van inligting tussen lede, wat die gemeenskaplike waardering vir die vroeë stryd en prestasies van die motorindustrie het, te vergemaklik met die doel om die belangstelling en interaksie tussen klublede, te bevorder.
- 4.7 Om 'n gees van onderlinge, vrywillige hulp onder Klublede aan te moedig vir die restourasie en die instandhouding van oumotors soos deur die klub bepaal. Die doelstelling moet verder uitgebrei word deur relevante inligting onder klublede tydens byeenkomste, lesings, besprekings en ander sosiale funksies te versprei.
- 4.8 Aangesien oumotors 'n stokperdjie sowel as 'n sportsoort is, moet al die aktiwiteite wat die klub aanbied vir sy lede, hierdie twee basiese konsepte weerspieël. Verder moet die Klub se doelstellings uitgebrei word om sosiale interaksie tussen lede, voornemende lede en persone wat simpatiek teenoor die klub se doelstellings asook die motorwese in die algemeen staan, te bevorder.
- 4.9 Om die belangrikheid en waarde van historiese voertuie te beklemtoon sodat toepaslike wetgewing sal voortbestaan om sodoende die onbelemmerde gebruik van alle Suid-Afrikaanse paaie deur sodanige voertuie te verseker.
- 4.10 Om hofflikheid en veilige bestuur op paaie te bevorder en al die Klub se doelstellings te beskerm.

5 DIE KLUB SE BEVOEGDHEDE

Dat die klub by magte is om alle handeling uit te voer ter bevordering van die genoemde doelstellings van die klub en om in besonder die ondergenoemde tot uitvoering te bring:

- 5.1 Die Klub mag 'n hoofkwartier of 'n klubhuis en ander fasiliteite besit op plekke wat van tyd tot tyd bepaal kan word.
- 5.2 Die Klub mag inskakel by enige organisasie wat soortgelyke doelstellings het of verenigbaar is met dié van die Klub.
- 5.3 Die Klub kan enige vaste eiendom en/of enige regte en voorregte koop, huur of bekom,

hetsy dit nodig of gerieflik is vir die klubdoeleindes en kan enige gebou oprig, instand hou, verbeter of verander soos verlang.

- 5.4 Die Klub kan vir enige van sy doelstellings na goeddunke geld leen of fondse insamel. Vir terugbetalingsdoeleindes, mag die klub van sy bates verkoop Enige besluit om geld te leen of om geld in te samel sal te alle tye onderhewig wees aan die meerderheidstem van die klub, soos uiteengesit in paragraaf 14 "ALGEMENE VERGADERINGS" hieronder.
- 5.5 Die klub mag klubfondse hanteer, belê of bestee, volgens die voorwaardes en terme, soos deur die goeddunke van die komitee bepaal is.
- 5.6 Enige besluit om Klub eiendom te verkoop, verruil, verhuur, beswaar of op 'n ander wyse daarvoor te beskik, is onderhewig aan goedkeuring by wyse van 'n meerderheid van stemme deur klublede soos voorgeskryf in Paragraaf 14 "Algemene Vergaderings".
- 5.7 Die Klub mag by enige ander klub of organisasie wat die bevordering en bewaring van motors in die algemeen het, aansluit of affilieer.
- 5.8 Die Klub mag skenkings, toelaes en subsidies gee aan verdienstelike entiteite soos liefdadigheids-organisasies en organisasies wat jeug-motorprojekte bevorder ongeag of sodanige entiteite dieselfde doelstellings as die Klub het of nie.
- 5.9 Die Klub mag as agent optree vir enige instansie wat versekering bied ten opsigte van motorvoertuie en motoriste waarmee die Klub gemoeid is.
- 5.10 Die klub mag enige geskenk of eiendom ontvang, ongeag onderhewig aan 'n spesiale trust of nie, ter bevordering van een of meer van die klub se doelstellings.
- 5.11 Die Klub mag enige koerant, joernaal, tydskrif, boek, mededeling, strooibiljet, video, rekenaarskyf, C.D-Rom, internet boodskap of ander literatuur druk, bekend maak en verkoop wanneer dit nodig is om een of meer van die Klub se doelstellings te bevorder, onderhewig egter aan die bepalinge van die Wet op Privaatheid.
- 5.12 Die Klub moet rekenings by spaar of handelsbanke oopmaak ooreenkomstig die besluite in die verband en alle geld wat namens die Klub ontvang word, en moet in die rekenings inbetaal word. Alle betalings wat deur die Klub gemaak moet word, moet of in kontant teenoor stawende fakture gedoen word of per tjek of per elektroniese oorbetalings wat direk gekoppel is aan die Klub se bankrekening, of deur van ander toepaslike bankstelsels gebruik te maak.
- 5.13 Die Klub mag enige fooie, intekengelde, fondse en borgskappe ontvang.
- 5.14 Die Klub mag personeel in diens neem en ook die dienste van ander organisasies gebruik om die Klub te help en te adviseer. Hierdie dienste sluit in, maar is nie beperk tot professionele dienste soos rekenkundige en regsadvies wat aan die Klub en sy lede gelewer word wanneer dit nodig is nie.
- 5.15 Die Klub moet die getalle van sy lede bepaal en ook die van sy personeel.
- 5.16 Die Klub mag komitees stig en sy magte aan die komitees delegeer.
- 5.17 Die Klub moet/mag sy lede dissiplineer.
- 5.18 Die Klub mag by-wette en beleidsverklarings maak en prosedures bepaal om die

Klub te administreer.

- 5.19 Die Klub moet enige optrede wat sy doelstellings regverdig, nastreef.

6 KLUB LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van die Klub bestaan uit persone wat die doelstellings van die Klub aanvaar en bevorder en wie die Klub as lede aanvaar.

Die volgende voorwaardes geld ten opsigte van alle aansoeke om lidmaatskap asook bestaande lede van die Klub:

- 6.1 Lidmaatskap is toeganklik vir enige motor entoesias afgesien daarvan of hy 'n oumotor besit of nie en wat belangstel in die bevordering van die Klub se belange in die algemeen.
- 6.2 Persone wat die Klub se doelstellings onderskryf, kan aansoek om lidmaatkap doen deur die voorgeskrewe aansoekvorm in te dien tesame met 'n SAVVA vrywaringsvorm en die vereiste intreefooi soos deur die Komitee bepaal. Daarna kan die Komitee, nadat die verslae, indien nodig, van die applikant se voorsteller en/of sekondant verkry is, hom as lid aanvaar of verwerp na goeddunke, sonder om enige redes vir verwerping aan enigiemand te verstrek.
- 6.3 Na aanvaarding van lidmaatskap, moet die Komitee die lid daarvan in kennis stel en hom 'n afskrif van die grondwet en lidmaatskapkaart voorsien. Die betaling van die intreefooi en jaargeld sal as bewys dien dat die lid gebonde is deur die Klub se grondwet. 'n Elektroniese afskrif van die Klub se grondwet moet altyd op die amptelike webtuiste van die Klub beskikbaar wees.
- 6.4 'n Applikant of klublid kan deur die komitee in enige van die volgende kategorieë benoem word –

Klub-beskermer (maksimum termyn is twee jaar)

Klub-president (maksimum termyn is twee jaar)

Ere-lid (lewenslange lidmaatskap) Volwasse lid en/of onafhanklike junior lid van die Klub.

Mans, vrouens, eggenote of huweliksgenote van volwasse lede sowel as kinders van volwasse lede wat nog onder die ouderdom van 18 jaar is, word erken as klublede in eie reg en is nie aanspreeklik vir addisionele jaargeld of intreefooi nie.

- 6.5 Junior lede van die Klub is individuele persone wat as lede van die Klub ingeskryf is en later volwasse lede van die klub kan word. Kinders van bestaande volwasse lede, het wel lidmaatskaplike voorregte, maar sal nie as onafhanklike Junior lede beskou word nie. Sodra 'n Junior lid die ouderdom van 18 jaar bereik, sal hy/sy ophou om 'n Junior lid te wees en sal daarna as 'n volwasse lid beskou word sonder om enigiets te betaal vir die oorskakeling van Junior lidmaatskap status na Volwasse lidmaatskap status. As volwasse lid, sal die gewese Junior lid sy eie ledegeld moet betaal vanaf die jaar wat volg op die jaar wanneer hy/sy 18 jaar oud geword het. 'n Kind van 'n volwasse lid soos bo gedefinieer, en wat 18 jaar oud geword het, moet aansoek doen om

volwasse lidmaatskap van die klub, indien hy/sy dit so sou verkies om lid van die klub te bly. Die klubkomitee sal die meriete van die junior lid se aansoek om volwasse lidmaatskap oorweeg en dié aansoek is onderworpe aan dieselfde voorwaardes soos uiteengesit in sub-paragraaf 6.2 van die grondwet.

- 6.6 Die posisie van Klub-beskermer is die hoogste eerbetoon wat die Klub kan aanbied. 'n Benoeming as klub-beskermer kan gedoen word tydens die Algemene Jaarvergadering op aanbeveling van die Komitee. Sodanige aanbeveling kan slegs goedgekeur word by wyse van 'n twee-derde meerderheid stemming van lede teenwoordig by die Algemene Jaarvergadering.
- 6.7 Lede wat merkwaardige dienste aan die Klub gelewer het, kan as lewenslange Ere-lede van die Klub verkies word. 'n Besluit om 'n Ere-lid te benoem, sal slegs volgens die diskresie van die komitee wees. Ere-lede is vrygestel van die betaling van jaarlikse jaargeld.
- 6.8 Alle Klublede behalwe Junior lede is geregtig om by die Algemene of Spesiale vergaderings van die Klub te stem, met dien verstande dat die lid nie bedank het of as lid geskors is nie en dat alle ledegeld ten volle betaal is.
- 6.9 All lede is geregtig op dieselfde voorregte onderhewig aan SAVVA vereistes soos van tyd tot tyd gewysig.
- 6.10 Geen lid sal toegelaat word om aan enige klubbyeenkoms deel te neem alvorens betaling geskied het van –
- 6.10.1 Die inskrywingsfooi vir die betrokke byeenkoms indien van toepassing,
- 6.10.2 Enige ander geld volgens die klub se finansiële rekord wat deur die lid verskuldig is.

7 WANGEDRAG DEUR KLUBLEDE

- 7.1 Geen lid mag deur sy gedrag of optrede die welsyn of karakter van die Klub skade aandoen of enige klubreël verbreek nie. Enige lid wat die reëls van die Klub, klubkompetisies, -byeenkomste of enige ander byeenkomste wat met die Klub geassosieer kan word of wie se gedrag die Klub in verleentheid kan bring of wie onmin of verdeeldheid veroorsaak kan:
- 7.1.1 Onmiddellik mondelings ontslaan word deur twee lede van die Komitee of deur twee beamptes wat deur die Komitee aangestel is by geleentheid van 'n uistappie of projek of kompetisie wat deur die Klub gereël is.
- 7.1.2 Uit die Klub geskors word nadat die Komitee 'n volledige ondersoek uitgevoer het en die meerderheid van die lede daarvoor gestem het.
- 7.2 Persone van ander Klubs wat aan byeenkomste van die S.K.O.M.K deelneem, sal aan dieselfde gedragsreëls onderhewig wees as die lede van die Klub. Indien die persoon skuldig bevind sou word dat hy/sy enige van die reëls van die Klub en of kompetisie oortree het, kan die betrokke persoon van die byeenkoms geskors word, sonder die reg om te kan appèlleer.

- 7.3 In geval van wangedrag deur 'n komiteelid wat die Klub in 'n swak lig stel of wat 'n vals/verkeerde verklaring maak, kan die Komitee deur 'n meerderheidsbesluit die lid skors of tydelik skors. Sodanige geskorste of uitgesette komiteelid kan appéleer soos in Paragraaf 7.4 hieronder uiteengesit.
- 7.4 Enige lid wat geskors of tydelik geskors is ooreenkomstig paragrawe 7.1 en 7.3 hierbo, kan skriftelik appél aanteken by die komitee. Die Klub se appél prosedures moet deur die betrokke lid of sy regsverteenwoordiger gevolg word. Skriftelike inligting aangaande die appél prosedures moet binne 7 dae na datum van ontvangs van die versoek deur die Klub of een van die komiteelede beskikbaar gestel word. Versoeke om die appél prosedures kan van enige lid van die Komitee of van die klub-sekretaris verkry word.
- 7.5 By ontvangs van 'n skriftelike appél deur die komitee, moet die komitee die saak oorweeg en by wyse van stemming daaroor besluit. Die beslissing by hierdie vergadering sal finaal wees en die betrokke lid het geen verdere verhaal nie.
- 7.6 Indien 'n lid van die komitee geskors is en teen sy skorsing appeleer, kan die appél slegs deur die beskermheer of die president van die Klub tesame met minstens twee ere-lede en die voorsitter van die Klub aangehoor word, behalwe as die voorsitter die geskorste party is in welke geval die ondervoorsitter die funksie moet uitvoer.

8 LIDMAATSKAP. BEDANKING/ KANSELLASIE

- 8.1 Enige lid kan sy/haar lidmaatskap kanselleer deur skriftelik kennis te gee aan die klub sekretaris of komiteelid.
- 8.2 Die lidmaatskap van enige lid wat meer as drie maande agterstallig is met die betaling van ledegeld kan deur die komitee geskors of gekanselleer word. Die beëindiging van 'n lidmaatskap as gevolg van onbetaalde ledegeld sal nie beteken dat die betrokke lid onthef is van sy verpligting om verskuldigde geld aan die Klub te betaal nie.

9 BEËINDIGING VAN KLUB LIDMAATSKAP

Enige persoon sal by die beëindiging van sy lidmaatskap van die Klub om watter rede ookal, alle besitregte of eise ten opsigte van klub eiendom en/of wisseltrofeë in sy besit, verloor.

10 LEDEGELD EN INTREEFOOI

- 10.1 Ledegeld en die Intreefooi kan jaarliks by komiteevergaderings bepaal word. Sodanige fooie moet alle vaste uitgawes soos affiliasiegeld aan SAVVA asook ander items wat begroot is, , insluit.
- 10.2 Junior lede en/of die vrou, eggenoot of lewensmaat van 'n lid is nie aanspreeklik vir die betaling van ledegeld en of 'n intreefooi nie en sal normale klublidmaatskap voorregte geniet.

11 **KLUBBYEENKOMSTE**

Geen lid sal toegelaat word om aan enige byeenkoms wat deur die Klub gereël is, deel te neem tensy:-

- 11.1 Die intreegeld ten opsigte van die byeenkoms betaal is.
- 11.2 Alle ander geld wat aan die Klub verskuldig is, met inbegrip van agterstallige jaargeld betaal is. Die gracie tydperk van drie maande sal nie in hierdie geval van toepassing wees nie.
- 11.3 Die ingeskrewe bestuurder van die voertuig in besit is van 'n rybewys, driehoek, vrywaringssertifikaat en versekeringsdekking soos van toepassing is op die spesifieke byeenkoms. Die bepaling sal ook geld vir die navigator en passasiers wanneer van toepassing.
- 11.4 Die betrokke voertuig padwaardig is en daar 'n brandblusser in werkende toestand aan boord is.

12 **DIE KOMITEE VAN DIE KLUB**

Die bestuur van die Klub is gevestig in 'n klubkomitee wat soos volg saamgestel is:-

- 12.1 Uit minstens ses (6) en nie meer as nege (9) klublede nie. Indien die ledetal tot minder as ses (6) daal, sal die oorblywende lede nie kan optree nie behalwe om een of meer lede te verkies ten einde die getal lede tot 'n minimum van ses (6) te verhoog.
- 12.2 Komiteelede sal tydens die Algemene Jaarvergadering van die Klub gekies word. Enige twee klublede kan 'n lid nomineer om as komiteelid verkies te word deur sy naam skriftelik met die toestemming van die genomineerde, in te dien ten minste sewe (7) dae voor die Algemene Jaarvergadering.
- 12.3 Persone wat bereid is om verkies te word en wel verkies word, sal ingevolge die Grondwet diens doen tot aan die einde van die Algemene Jaarvergadering in die volgende jaar.
- 12.4 Vier (4) lede van die komitee sal beurtelings uittree na afloop van elke Algemene Jaarvergadering. Die volgorde van uitrede kan deur die komitee deur ooreenkoms of deur loting bepaal word. Hierdie lede is wel vir herverkiesing tot die komitee, tydens die Algemene Jaarvergadering, beskikbaar.
- 12.5 Die komitee kan enige lid verkies om 'n tydelike vakature in die komitee te vul.
- 12.6 Indien enige lid van die komitee versuim om drie agtereenvolgende vergaderings van die komitee by te woon sonder om 'n redelike verskoning aan te bied, kan die komitee besluit dat hy sy lidmaatskap tot die komitee verloor en dat 'n vakature ontstaan het.
- 12.7 ***Optrede tydens komitee vergaderings:*** Die voorsitter van die Klub sal die voorsitter van die komitee wees en kan ook as "ex-officio" lid van klub-aangestelde sub-komitees optree. In die afwesigheid van die voorsitter sal die

onder-voorsitter die voorsitter van die komitee wees. Die voorsitter het 'n normale stem en in die geval van 'n staking van stemme het hy 'n addisionele stem wat uitgeoefen kan word indien nodig maar nie nodig sal wees om "status quo" te handhaaf nie.

- 12.8 **Die komitee stem protokol** – Alle besluite en resolusies sal by wyse van stemming deur die meerderheid van die aanwesige lede geskied. 'n Meerderheidstem of kworum by 'n komitee vergadering sal uit minstens vyftig (50) persent van die komiteeledede wat teenwoordig is, bestaan met dien verstande dat nie minder as drie (3) lede 'n kworum sal uitmaak nie.
- 12.9 Geen lid van die komitee of klublid sal geregtig wees om 'n maandelikse salaris of vergoeding te ontvang vir dienste aan die Klub gelewer in enige amptelike of aangestelde hoedanigheid. Komitee- of klublede kan kwalifiseer om redelike vergoeding te ontvang vir spesiale dienste gelewer of produkte voorsien wat deur die komitee goedgekeur is. Betalings aan klublede of komiteeledede ten opsigte van sodanige dienste of produkte gelewer, moet gepaard gaan met aanvaarbare fakture en/of bewyse van uitgawes wat aangegaan is namens die Klub. Alle eise wat deur 'n komiteelid of lid van die Klub ingedien word, moet derhalwe deur die komitee goedgekeur word voordat betaling kan geskied.
- 12.10 Indien daar 'n botsing van belange tussen 'n komiteelid se verantwoordelikheid teenoor die Klub en enige ander sake onderneming of persoon is, moet die lid homself weerhou van stemming oor sodanige aangeleentheid. Geen komiteelid mag sy posisie vir eie direkte of indirekte finansiële gewin gebruik nie.

13 **BEVOEGDHEDE VAN DIE KLUBKOMITEE**

Die Komitee van die Klub beskik oor die volgende bevoegdhede:-

- 13.1 Die beplanning, bestuur, administrasie en verslaggewing ten opsigte van die bedrywighede en finansies van die Klub. Die finansiële jaar van die Klub begin op 1 Julie van elke kalenderjaar en eindig op 30 Junie van die volgende jaar.
- 13.2 Om aan sy lede magte en verpligtings te deleger en om byeenkoms-komitees of sub-komitees te stig en indien nodig om hulp te verleen met die administrasie en funksionering van die Klub en/of klubprojekte. Die byeenkoms-komitee of persoon kan sonder bekragtiging van die klubkomitee sy gedelegeerde magte of pligte uitvoer op dieselfde wyse en met dieselfde effek as wat die klubkomitee dit sou gedoen het. Enige komitee of persoon aan wie die klubkomitee magte en pligte gedelegeer het, sal gebonde wees aan die welwillendheid van die Klub en enige voorwaardes van die delegasie soos deur die klubkomitee neergelê is. Die klubkomitee kan enige delegasie na goeddunke herroep en geen delegasie sal die klubkomitee verhoed om sy gesag, sy mag of plig uit te oefen nie. Dit is nie 'n vereiste dat die persoon wat aangestel is, of aan wie die magte gedelegeer is, 'n lid van die Klub moet wees nie.

- 13.3 Om te bepaal hoe dikwels vergaderings van die klubkomitee moet plaasvind en watter prosedure gevolg moet word asook die vulling van vakatures in 'n komitee of sub-komitee.
- 13.4 Om ampdraers aan te stel, hetsy vanuit klubkomitee gelede of vanuit die lede van die Klub.
- 13.5 Om te koöpteer, aan te stel en/of om die hulp van ander persone of organisasies te verky wat die Klub kan bystaan of adviseer wanneer nodig. Sodanige persone of organisasies wat ingevolge die klubkomitee se diskresie aangestel word, kan 'n ouditeur, prokureur en/of regsadviseur, koerant redakteur, projek sekretaris, bibliotekaris, dissiplinêre komitee, klub geskiedkundige, fotograaf of enige ander aanstelling wat die klubkomitee van tyd tot tyd nodig mag ag.
- 13.6 Om die dienstermyn en voorwaardes ten opsigte van werknemers, vrywilligers en of ander persone wat dienste aan die Klub lewer, te bepaal.
- 13.7 Om kompetisiefooië en voorwaardes ooreenkomstig SAVVA voorskrifte te bepaal. Die komitee moet van tyd tot tyd aandag gee aan die daarstelling, wysiging en/of die herroeping van enige regulasie wat betrekking het op kompetisies, proefritte, tydrenne, spoedrenne of ander aktiwiteite wat nie strydig met die Klub se doelstellings of SAVVA regulasies is nie. Die sekretaris van die Klub moet te alle tye rekord van sodanige regulasies hou.
- 13.8 Om ten minste een van sy lede te nomineer om minstens twee jaar lank opeenvolgend as die Klub se SAVVA-vertegenwoordiger op te tree en namens die Klub tydens SAVVA vergaderings te stem. Die komitee kan enige aantal lede nomineer om te enige tyd die Klub tydens SAVVA vergaderings by te woon, maar slegs die hoof- genomineerde sal as geleibuis tussen die Klub en SAVVA dien.
- 13.9 Om geld van die Klub in te vorder en in 'n geregistreerde bank te deponeer en om fondse van die Klub te bestee ooreenkomstig sy doelstellings. Geen langtermyn finansiële verpligting, langer as die dienstermyn van die Komitee, mag aanvaar word sonder vooraf goedkeuring tydens die Algemene Jaarvergadering van die Klub.
- 13.10 Om bank, belegging of spaarrekenings in die naam van die Klub te open en om minstens drie lede van die Komitee of ander klublede te magtig om op die rekenings sake te doen, met dien verstande dat elke transaksie deur twee lede goedgekeur word. Die algemene reël is dat drie gemagtigde persone die Klub se bankrekenings bestuur. Die drie gemagtigde persone moet die klub-tesourier en twee ander klublede en of komiteelede wees.
- 13.11 Notules van elke komiteevergadering en Algemene Vergadering van die Klub moet geboekstaaf word. Die voorsitter van die vergadering of die nuwe voorsitter moet die notules onderteken en daarna sal dit as afdoende bewys dien van die aangeleenthede wat by die vergadering afgehandel is.
- 13.12 Die beslissing van die komitee is deurslaggewend om enige meningsverskil tussen klublede te besleg. Die komitee se beslissing sal as finaal beskou word.

- 13.13 Om waar en wanneer nodig enige lid ingevolge die bepalinge van die grondwet te disiplineer.
- 13.14 Om oor enige klubverwante aangeleentheid te besluit waarvoor daar nie in die Klub se grondwet voorsiening gemaak is nie.
- 13.15 In die geval van 'n dispuut met betrekking tot die bewoording van die Afrikaanse weergawe van die Grondwet, sal die Engelse weergawe van die Grondwet voorkeur neem bo die Afrikaanse weergawe.

14 **ALGEMENE VERGADERINGS**

- 14.1 'n Algemene Jaarvergadering van die Klub moet elke kalenderjaar nie later as 31 Desember plaasvind op sodanige vergaderplek as wat die komitee in sy alleen diskresie bepaal. Die komitee kan ook enige tyd gedurende die jaar kennis gee van 'n Spesiale Algemene Vergadering wat op 'n plek wat die komitee bepaal, sal plaasvind.
- 14.2 *Kennisgewing van vergaderings:* Een en twintig (21) kalender dae skriftelike kennis of advertensie moet voor die aanvang van enige Algemene en/of Spesiale Algemene Vergadering gegee word. Toevallige versuim om 'n kennisgewing aan 'n lid te stuur, sal nie die verrigtinge van die vergadering ongeldig maak nie. Eggenote of lewensmaats sal nie geregtig wees om afsonderlike kennisgewings van die Klub te ontvang nie. Junior lede wat in eie reg lede van die Klub is, sal geregtig wees om kennisgewings te ontvang.
- 14.3 *Agenda en sake:* Die sake wat tydens Algemene Jaarvergaderings bespreek moet word, sluit in: die Voorsitter se jaarverslag, verslag oor die jaarlikse gewaarmerkte en geouditeerde rekenings, sake item, verkiesings en enige wysigings van die grondwet asook enige ander aangeleentheid wat die Komitee goedgekeur het vir insluiting in die sakelyste. 'n Agenda bevattende die sake wat tydens die Algemene Jaarvergadering bespreek moet word, sal aan alle lede gestuur word nie later as 21 dae voor die datum van die Algemene Jaarvergadering. Die besprekings tydens die Algemene Jaarvergadering sal beperk wees tot die aangeleenthede wat vooraf in die kennisgewing van die Vergadering uiteengesit is. Die Voorsitter kan tydens die vergadering toelaat dat wysigings aan die sake wat bespreek word aangebly word wanneer dit nodig of wenslik is, maar slegs om meer duidelikheid te verkry rakende bestaande agendapunte.

Die taak van die Algemene Jaarvergadering sal die volgende insluit, maar sal nie hiertoe beperk wees nie:

- 14.3.1 'n Voorsitter en komiteelede by wyse van 'n geskrewe stemming te verkies. Die nuut verkose komitee moet tydens die eerste vergadering na die Algemene Jaarvergadering hulle funksies en portefeuljies bepaal.
- 14.3.2 Enige ander sake wat minstens 7 dae voor die vergadering ontvang is vir insluiting in die kennisgewing af te handel. (hierdie punt weersprek die agenda soos in punt 14.3 hierbo uiteengesit) ???

14.4 *Stemprosedure:* Elke lid wat sy inskrywing en ander geld betaal het, sal een stem kan uitbring tydens die Algemene Jaarvergaderings of by Spesiale

Algemene Vergaderings en hierdie stem moet **persoonlik** uitgeoefen word. Stemming sal by opsteek van die hand wees tensy stembriewe vereis word. Die voorsitter sal in geval van 'n staking van stemme 'n beslissende stem sowel as 'n gewone stem kan uitbring. Slegs lede soos omskryf in Paragraaf 6 wie se ledegeld ten volle betaal is, mag stem.

14.5 *Spesiale Algemene Vergadering*: Op versoek van en geteken deur tien (10) lede van die Klub wat aan die sekretaris gerig is of deur hom of deur die voorsitter gelas is, moet 'n Spesiale Algemene vergadering belê word. Die voorskrifte in verband met kennisgewings en prosedure by Jaarvergaderings moet sover moontlik nagekom word. Tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering kan slegs aandag gegee word aan die aangeleentheid wat tot die vergadering aanleiding gegee het soos aan die lede meegedeel is.

14.6 *Kworum*: Die kworum by die Algemene Jaarvergadering en Spesiale Algemene Vergadering sal 20 (twintig) lede teenwoordig wees, en wat ook stem geregtig sal wees. Die voorsitter van die vergadering sal sy normale stem asook 'n beslissende stem kan uitbring in die geval van 'n staking van stemme, maar alleenlik in die geval om die status quo te handhaaf.

14.7 *Algemene prosedure*:

14.7.1 Die voorsitter van die komitee sal die voorsitter van enige amptelike klubvergadering wees. Indien die voorsitter nie teenwoordig kan wees by die vergadering nie, sal die vergadering die onder-voorsitter van die komitee aanwys as die voorsitter van die vergadering. Indien beide die voorsitter en die ondervoorsitter van die klubkomitee nie teenwoordig kan wees nie, sal die lede teenwoordig by die vergadering enige ander gerespekteerde lid aanwys as die voorsitter van hierdie vergadering.

14.7.2 Die verklaring van die voorsitter insake die aanvaarding of verwerping van enige resoluëie sal as finaal beskou word, tensy 'n hertel van stemme aangevra word.

14.7.3 Enige volmag stem mag slegs uitgebring word indien dit skriftelik onderteken is deur die aangevraagde, en moet by die sekretaris ingedien word voor die aanvang van die genoemde vergadering. Voor die stemming plaasvind sal die voorsitter die stemkrag van die lede bekend maak aan die vergadering. (Daar moet gelet word dat ons hier weer 'n teenstrydigheid het in die grondwet – sien asb punt 14.4)

15 **WYSIGING VAN DIE GRONDWET EN DIE REËLS VAN DIE KLUB**

Die Grondwet kan slegs gewysig, aangevul of herroep word deur 'n twee- derde besluit van die lede teenwoordig by 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Vergadering nadat kennis van die beoogde wysigings minstens 21 dae voor die vergadering aan lede gegee is.

16 VRYWARINGS

- 16.1 Komiteeledede en ander ampsdraers van die Klub sal gevrywaar wees ten opsigte van alle billike maatreëls wat tot die direkte voordeel van die Klub of sy doelwitte getref is.
- 16.2 Onder geen omstandighede sal die Klub aanspreeklik wees vir die verhaling van enige verlies wat lede of hulle passasiers persoonlik of ten opsigte van hulle voertuie gely het nie. Enige persoon wat aan 'n klubbyeenkoms deelneem, doen so uitsluitlik op sy/haar eie risiko.
- 16.3 Lede van die Komitee, gemagtigde lede van die Klub of enige persoon wat skriftelik gemagtig is deur die komitee, kan openbare verklarings namens die Klub maak en geen gemagtigde persoon wat verklarings namens die Klub maak, sal daarvoor aanspreeklik wees nie.

17 BEMIDDELING EN ARBITRASIE

Enige geskil wat uit of in verband met die grondwet ontstaan, kan aan bemiddeling en/of arbitrasie onderwerp word. Dit is 'n nie-bindende prosedure waar 'n onafhanklike bemiddelaar of arbiter onderhandelings tussen partye fasiliteer. Enige twee van die partye kan 'n geskil identifiseer en aan 'n ander party voorstel dat dit deur bemiddeling of arbitrasie uit die weg geruim moet word. Die ander party kan òf instem om voort te gaan met bemiddeling/arbitrasie of instem om 'n voorlopige vergadering by te woon ten einde te bepaal of bemiddeling of arbitrasie behulpsaam sal wees in die omstandighede. Die partye kan ooreenkom in verband met 'n geskikte persoon as bemiddelaar of arbiter of kan die Genootskap van Arbiters (S.A.) versoek om 'n bemiddelaar aan te stel.

18 ONTBINDING EN AFSLUITING VAN DIE KLUB

- 18.1 Indien die Klub in likwidasië sou gaan of wanneer daar by geleentheid van 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering deur die meerderheid van stemgeregtigde lede besluit sou word dat die Klub moet ontbind, moet daar 'n verdere Spesiale Algemene Vergadering belê word. Hierdie vergadering sal nie vroeër as dertig (30) dae na die datum van die vergadering waarop die besluit geneem is, dat die klub moet ontbind, plaasvind nie. Tydens hierdie opvolg vergadering sal die besluit om die klub te ontbind bevestig of verwerp word. Die kworum vir hierdie vergadering sal 'n minimum van tien (10) stemgeregtigde lede wees. 'n Meerderheidstem van teggig persent (80%) sal nodig wees om die besluit te bevestig of te verwerp.
- 18.2 Wanneer die Klub besluit, om te ontbind tydens 'n verdere Spesiale Algemene Vergadering goed gekeur is, is die omitee verplig om die Klub se bates aan 'n ander klub of organasie wat soortgelyke doelstelling as die Klub het, soos in Paragraaf 4 bepaal, oor te dra. Indien sodanige klub nie in die Wes-Kaap gevind kan word waarmee die komitee tevrede is nie, sal die Voorsitter van SAVVA om leiding genader word.
- 18.3 Die oordrag van enige bates soos in paragraaf 18.2 hierbo genoem, kan slegs geskied

nadat alle verpligtings van die Klub tot die datum van ontbinding ten volle nagekom is. Nadat alle skulde vereffen is, sal geen bates of gelde wat oorgeplaas is, van die ontvanger van die Klub se bates verhaal kan word nie.

- 18.4 Geen lid van die komitee of enige ander lid mag op enige wyse bevoordeel word deur die ontbinding van die Klub of in afwagting van sodanige ontbinding nie.

Aldus afgehandel en geteken deur die Voorsitter en die Sekretaris op 3 Desember 2016

VOORSITTER

SEKRETARIS

HERSIEN OP 18 MAART 2016 DEUR PE KUSCHKE EN P ROSSER